

DIE AFRIKANER SE WETTIGE AANSPRAAK OP SELFBESKIKKING

HERKOMS VAN DIE BEWONERS VAN SUID-AFRIKA

Die Blankes

Daar word gereeld deur onkundiges en kwaadwilliges uitsprake gemaak dat die Blankes in Suid-Afrika “Setlers” is en dat as hulle nie tevrede met hulle omstandighede in die land is nie, hulle na Europa, vanwaar hulle voorsate kom, moet terugkeer. Sodanige uitsprake is onsinnig en hou nie met die werklikheid tred nie. Wat is die ware feite?

Die eerste Blankes het in April 1652 saam met die Hollander Jan van Riebeeck in Suid-Afrika aangekom. Dit het in opdrag van die Direkteure van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie geskied om aan die Kaap 'n verversingspos te stig om vars water, vleis en groente aan die skepe van die Kompanjie op hulle reis na die Ooste en terug, te voorsien. Uit die aard van die saak was die meerderheid van diegene wat Van Riebeeck vergesel het Hollanders, maar daar was ook Duitsers in die groep. Sommige het met verloop van tyd die land verlaat, maar die meerderheid het gebly en die land mettertyd lief gekry en as hulle eie aanvaar en nie na hulle lande van herkoms gehunker nie. Vir baie jare was die enigste mense met wie hulle en hulle nasate in aanraking gekom het Boesmans (San) en Hottentotte (Khoi) (wat in werklikheid as hulle oor groter getalle beskik het, wettig aanspraak op Suid-Afrika kon gemaak het). Eers teen 1775 (dus een en 'n kwart eeu na die Volksplanting van 1652) is met Swartes (Xhosas), wat met verloop van baie jare suid en suidooswaarts getrek het, in die omgewing van die Visrivier, in aanraking gekom.

Hierdie Blankes se geledere is mettertyd deur nuwe aankomelinge uit Europa aangevul. Tussen 1688 en 1700 het die Kompanjie 'n tweehonderdtal Franse (bekend as die Hugenote) as immigrante na die Kaap gebring. Hulle is op plasies tussen die ander boere, wat intussen ontstaan het, geplaas. Hulle was Protestante wat hulle geboorteland vanweë geloofsvervolging deur Rooms Katolieke Franse verlaat het en na die Protestantse Holland gevlug het. Dáár het sommige van hulle van die Kompanjie se aanbod gebruik gemaak om hulle in Suid-Afrika te vestig.

'n Verdere groep Blankes wat hulle in Suid-Afrika gevestig het, was die 4 000 Britse Setlaars wat in 1820 deur die Britse owerheid na die Kaapkolonie gebring is. Ofskoon daar verskeie redes vir hulle kom as boere na Suid-Afrika was, was die owerheid se oogmerk ongetwyfeld ook om die Kaapkolonie te verengels. Omdat hulle geen benul van boerdery gehad het nie, het hulle hul weldra na ander bedrywe (tegnies, professioneel en kommersieel van aard) gewend. Deur hulle koms het dorpe soos Graaff-Reinet en Uitenhage, wat reeds bestaan het, vinnig vooruitgegaan. Hulle het ook nuwes soos Grahamstad, Bathurst, Salem, Cradock, Colesberg en Somerset-Oos gestig en Port Elizabeth en Oos-Londen tot hawens ontwikkel. In 1820 - 1821 het nog 'n duisend Britse immigrante hulle op privaat inisiatief in Suid-Afrika gevestig, terwyl goewerneur sir George Grey in 1858 – 1859 nog 6 000 Britse immigrante na Suid-Afrika gebring het.

Vanaf 1857 tot 1883 is die aanvanklike Duitse element ook versterk deur die koms van sowat 7 000 Duitse immigrante na Suid-Afrika.

In die smetkroes van die tyd het die oorspronklike immigrante vanweë die gemeenskaplike probleme wat hulle die hoof moes bied, intiem met mekaar begin saamgewerk, hulle identiteit mettertyd prysgegee en opgegaan in 'n nuwe volk, die Afrikaner- of Boerevolk, wat aanstons op Afrika-bodem sy beslag gekry het. Hieruit het ook 'n eie taal, Afrikaans, ontstaan; iets wat hierdie

volk uniek gemaak het. Ofskoon hierdie nuwe volk dus op Afrikabodem ontstaan het en in wese 'n Europees-Westers beskawing gehad het omdat die elemente waaruit hy ontstaan het sy wortels in Europa gehad het, het hy vanselfsprekend 'n eie selfstandige kultuur ontwikkel en was hy nie 'n aanhangsel van 'n Europese volk nie, maar 'n selfstandige volk wat kon aanspraak maak (en gemaak het en steeds maak) op staatkundige en godsdienstige vryheid in 'n eie grondgebied. Dit was dan ook hierdie volk wat 'n woeste Suid-Afrika mettertyd verander het in 'n eerstewêreldland met alles wat dit inhou. Nie net is moderne dorpe en stede gebou nie, maar die landbou, nywerheid en mynbou is tot eerstewêreldstandaarde ontwikkel wat bygedra het tot 'n sterk en kerngesonde ekonomie. So ook was die onderwysstelsel, die regstelsel, die mediese wetenskap en hospitale van 'n hoogstaande gehalte. Die moderne en goedtoegeruste weermag was op 'n tydstip beskou as die tiende sterkste in die wêreld en was in staat om enige bedreiging die hoof te bied, maar was ongelukkig nie teen verraad vanuit eie geleedere bestand nie. Ook is aan berge, riviere, diere, voëls en visse name gegee en Gods Woord is aan mense gebring wat nog nie daarvan gehoor het nie. Kleiner Swart stammetjies is ook teen die moordadige neigings van groter en steker Swart stamme soos die Zoeloes en Matebeles beskerm; iets wat vandag gerieflikheidshalwe verswyg word, of uit onkunde of uit moedswilligheid.

Die Swartes

Alhoewel die Swart volke wel in Afrika hul ontstaan gehad het, het hulle nie binne die grense van die huidige Republiek van Suid-Afrika tot stand gekom nie. As dus van die Blankes in Suid-Afrika as “Setlers” gepraat word, is die Swartes hier ewe so “Setlers”.

Volkekundiges is op grond van hulle navorsing die mening toegedaan dat die Negroïede rassegroep of in die Groot Meregebied van Oos-Sentraal-Afrika of in die omstreke van die Crossrivier in Wes-Afrika ontstaan het na die vermenging tussen Negers en Hamiete. Omdat hulle nie oor skrif beskik het nie, is dié aangeleentheid egter tot 'n groot mate in vaagheid gehul. Nadat hulle in aanraking gekom het met die Arabiere, wat wel oor skrif beskik het, kon navorsers meer duidelikheid oor die verloop van die res van hulle geskiedenis kry.

Een van die hoofredes waarom die Swartes suidwaarts begin trek het, was juis omdat Arabiese slawejagters hulle gevang en in groot getalle op onmenslike en wrede wyse na slawemarkte weggevoer het. Hulle het in drie hoofmigrasiestrome gevlug en as gevolg daarvan het hulle in drie hoofgroepe onderverdeel, te wete die Oos-, Wes- en Suid-Bantoe (soos volkekundiges hulle destyds met hulle navorsing genoem het). Omdat hulle veeboere was en agter water en weiveld aan getrek het, het die vlug/trek suidwaarts honderde jare geneem en die Suid-Bantoe het uiteindelik in Suider-Afrika tereg gekom nadat hulle volgens die Arabiere teen ongeveer die elfde eeu die Zambesirivier bereik het. Hulle het hulle mettertyd verspreid in dié gebied gevestig. Die befaamde historikus, GM Theal (*History of South Africa*) is dan ook van mening dat Swartes relatief nuwe intrekkers in Suid-Afrika is; 'n mening wat deur talle volkekundiges onderskryf word. Dat hierdie gegewens nie bloot as Blanke propaganda afgemaak kan word nie, word bevestig deur onder meer die opgetekende wedervaringe van Portugese seevaarders en skipbreukelinge aan die kus van die latere Suid-Afrika. So byvoorbeeld het Diogo Cao hulle in 1482 by die mond van die Kongorivier opgemerk, terwyl Vasco da Gama sommige van hulle in 1498 in Mosambiek aangetref het. Skipbreukelinge van die Santo Bento het in 1554 tydens hulle oorlewingstaptog 'n groepie Swartes by die Umzimkulurivier raakgeloop. Tot 1635 het die Portugese geen Swartes verder suid raakgeloop nie, maar met die stranding van die Nossa Senhora de Belems in 1635 is Swartes tussen die Umtata- en Basheerivier aangetref. Met die stranding van die Stavenisse in 1686 het die skipbreukelinge in die omgewing van die Keirivier met 'n voorhoede van die Xhosas in aanraking gekom.

Volkekundiges, onder wie prof. JP Bruwer (*Die Bantoe van Suid-Afrika*), het die Swartes in Suid-

Afrika in vier groeperinge onderverdeel, naamlik die Ngunivolke, die Sothovolke, die Venda en die Shangana-Tsonga. Elkeen van hierdie volkere word ook verder in etniese verband onderverdeel.

HET DIE AFRIKANER/BOER REG OP AANSPRAAK OP 'N EIE GRONDGEBIED?

Die wyse waarop die Blankes grond bekom het

Die Kaapkolonie/Provinsie

Die Kaapkolonie is sedert volksplanting in 1652 deur Blankes bewoon en bewerk en aan die woesteny ontworstel. Deur die toedoen van die veeboer-pionier (wat soos die Swart veeboer-emigrante uit Midde-Afrika agter water en weiveld aan getrek het) is die grense geleidelik uitgebrei en het nuwe distrikte soos Stellenbosch, Swellendam en Graaff-Rienet ontstaan omdat die owerheid hulle agtervolg het om te voorkom dat die mense sonder kerk en staat verwilder. Teen omstreeks 1775 het die voorhoede van hierdie veeboere met die voorpunt van die Xhosas, wat in die teenoorgestelde rigting as hulle, ook agter water en weiveld aan, getrek het, in aanraking gekom. Die gevolg was dat met verloop van tyd talle grensoorloë tussen die twee groepe ontstaan het. Hierdie ontmoeting het gevolglik ook 'n einde gemaak aan die rustelose verspreiding van die veeboere en terselfdertyd 'n voorlopige afsluiting in die gebiedsuitbreiding deur die Nederlandse bestuur aan die Kaap gebring. Die grensbakens wat met verloop tyd telkens verskuif het, het teen omstreeks 1780 meer permanent geword toe dit in die ooste by die Visrivier (800 kilometer vanaf Kaapstad) en in die noordweste by die Buffelsrivier (480 kilometer vanaf Kaapstad) vasgestel is.

Die agteruitgang van die Hollands Oos-Indiese Kompanjie, maar ook gebeure in Europa, het daartoe bygedra dat Engeland die Kaapkolonie eers in 1795 tydelik en toe weer in 1806 permanent verower het. Die verskillende Britse goewerneurs het vrede met die Xhosa-stamme probeer bewerkstellig, maar slegs gemengde welslae behaal, want nog oorloë het gevolg. Die gevolg was dat gereeld samesprekings oor grensreëlings met Xhoas-kapteins plaasgevind het, waaraan die opperhoofde hulle gewoonlik nie lank gehou het nie. In 1847 het goewerneur sir Harry Smith 'n nuwe oosgrens vir die Kaapkolonie geproklameer. Hierdie grens het geloop langs die Keiskamma-, die Tyhume- en Swart Keirivier en van daar oor die Stormberge langs die Kraairivier tot by die Oranjerivier en dan weswaarts langs hierdie rivier tot by die Atlantiese Oseaan. Die koloniale grens is daarna tot die Keirivier uitgebrei, maar die gebied tussen die Keiskamma- en Keirivier is as 'n Bantoe-reservaat, genoem British Kaffraria, geproklameer. Alhoewel 'n Britse Kommissaris vir die bestuur verantwoordelik was, is dié gebied nie by die Kaapkolonie ingelyf nie.

Uit voorgaande is dit dus duidelik dat die grootste deel van die Kaapkolonie deur Blankes bewoon en ontwikkel is en dat die Britse regering sy gesag mettertyd oor die hele gebied gevestig het en so kragtens internasionale standaarde besitreg oor dié gebied verkry het wat in latere jare aan die Unieregering oorgedra is. Dit is dus nie van die Swartes gesteel nie.

Die binneland van die latere Suid-Afrika

Tussen 1835 en 1838 het ongeveer 10 000 mense in totaal die oostelike grensdistrikte van Kaapkolonie op georganiseerde wyse in vyf verskillende trekke verlaat. Na 'n jarelange stryd waarin hulle telkens geweldige verliese ten opsigte van lewens en eiendom in die verskillende Oosgrensoorloë gely het, maar nogtans deur die Britse owerheid en politieke sendelinge as die oortreders uitgemaak is, kon hulle die dwingelandy nie langer verduur nie. Gevolglik het hulle besluit om weg te trek na waar hulle stil en rustig en in vrede volgens hulle geloofsoortuigings kon lewe en vir hulle en hulle kinders 'n toekoms kon verseker. Niemand wat die Kaap verlaat het, was aan enige iemand iets verskuldig nie en alle belastings wat betaal moes wees, is betaal. Beskuldigings tot die teendeel is derhalwe van alle waarheid ontbloom.

Die beskuldigings dat hulle tydens en na hierdie Groot Trek grond van vredeliewende Swart stamme gesteel, hulle verkneg, verslaaf en uitgemoor het, is ook van alle waarheid ontbloot. Tydens die Trek is op groot verlate en ontvolkte gebiede afgekom. Volgens die getuienis van talle mense, wat jagers en eerlike sendelinge ingesluit het, was die binneland van Suid-Afrika deur barbaarse onderlinge uitdelgingsoorloë bykans ontvolk. In die proses is honderdeduisende Swart mense deur ander Swartes uitgemoor. Prof. JD Omer-Cooper (*The Zulu Aftermath: A Nineteenth Century Revolution in Bantu Africa*) verklaar byvoorbeeld dat die Swartbevolking in Natal gedurende die Difaqane (Mfecane), soos hierdie tydperk genoem is, met 90% verklein het. Dieselfde het in die later Transvaal en Oranje-Vrystaat gebeur. Die verskrikte en ontwortelde Swart stammetjies wat die assegaaiem ontvlug het, het in onherbergsame plekke soos soos berge, woestyne, spelonke, gate en so meer gaan skuilhou om die dood te ontkom en het dikwels uiteindelik in hierdie benarde omstandighede van honger omgekom. Om te oorleef het sommige hulle selfs tot kannibalisme gewend. Hierdie verwoesting is deur die Zoeloes onder Tsjaka (1816 tot 1828) en sedert 1824 ook deur die Matebeles van Mzilikazi veroorsaak. Dit het tot gevolg gehad dat groot dele van die binneland verlate en onbewoon was. Dit was in hierdie gebiede wat die Voortrekkers ingetrek het en republieke gestig het.

Die Zoeloes en Matebeles wou dieselfe strategie teen die Voortrekkers volg en het van die Trekkers oorval en talle op wrede wyse uitgemoor; iets wat die leiers nie ongestraf kon laat nie. Eers is die jaggeselskappe van die Erasmusse en Liebenbergs in die omgewing van die huidige Parys bykans almal uitgemoor en daarna is 'n Voortrekkerlaer aan die Vaalrivier aangeval, maar die aanval is afgeslaan. Op 16 Oktober 1836 het 6 000 Matebeles onder aanvoering van Kalipi die laer by Vegkop, naby die huidige Heilbron, met sy 33 weerbare man, aangeval. Dit is afgeslaan met die verlies van twee Voortrekkers, maar die Matebeles het die aftog met al die Voortrekkervee geblaas en hulle gestrand gelaat. Vierhonderd en dertig Matebeles het tydens die aanval gesneuwel. Daarna het die Voortrekkers onder aanvoering van Potgieter twee strafekspedisies in 1837 teen Mzilikazi onderneem. Nadat hulle verslaan is, het hulle uiteindelik landuit gevlug. Hendrik Potgieter het hierdie gebied waaroor die "lem" van Mzilikazi regeer het die Verowerde Gebied genoem en dit tesame met die Geruilde Grond in 1844 tot Voortrekkergebied verklaar en die Republiek Potchefstroom-Winburg daarop tot stand gebring. Die grondgebied is derhalwe nie gesteel nie, maar in ooreenstemming met internasionaal-aanvaarde standaarde bekom. Met die Sandrivier Konvensie van 1852 het Brittanje die onafhanklikheid van hierdie Boererepubliek, die Zuid-Afrikaanse Republiek, noord van die Vaalrivier, erken. Die implikasie is derhalwe dat hulle erken het dat die gebied aan die Boere behoort. In der waarheid kon die ontwortelde Swart stammetjies na die onderwerping van Mzilikazi hulle skuilplekke verlaat en vreedsaam onder Voortrekker gesag leef en vermeerder. Dit is die nasate van hierdie mense wat vandag allerlei grondeise stel en nie weet dat as dit nie vir die Voortrekkers was nie hulle stammetjies sou uitgesterf het. Die Voortrekkers het dus nie Swartes doodgemaak nie, maar wel gesorg dat hulle kon bly lewe en het niks om oor skuldig of skaam te wees nie.

In Mei 1845 het Potgieter nogeens 'n republiek gestig, dié keer in Oos-Transvaal, nl. die Ohrigstad-republiek, onder meer omdat hy nader aan die Portugese hawens in Mosambiek wou kom. Hierdie Republiek is na vier onstuimige jare ontbind omdat bittere botsings tussen hom en sy ondersteuners aan die een kant en nuwe intrekkers uit Natal o.l.v. JJ Burger aan die ander kant plaasgevind het. Burger en sy volgelinge was van mening dat 'n volksraad en nie Potgieter nie, die hoofsegenskap moes hê. So erg was die botsings dat dit bykans op 'n burgeroorlog uitgeloop het. Dít en malaria en tsetse vlieë het uiteindelik tot die ontruiming van Ohrigstad aanleiding gegee. Ook hierdie grondgebied is dus van niemand gesteel nie.

In Januarie 1850 het Burger se Volksraadgroep Lydenburg gestig en dit mettertyd ook tot 'n republiek uitgeroep. Die naam het sy ontstaan te danke aan die lyding in Ohrigstad ten gevolge van

die koors. Hierdie republiek is uiteindelik opgeneem in die groter geheel, te wete die Zuid-Afrikaansche republiek. Ook hier was nie sprake van diefstal nie.

Ook Potgieter en van sy aanhangers het Ohrigstad in 1848 verlaat en Soutpansberg gestig met Zoutpansbergdorp (Potgieter wou homself nie vernoem nie) as hoofdorp. Vreemd genoeg het hy nie daar 'n republiek gestig nie. Na sy dood het sy opvolger as kommandant-generaal in die ZAR, Stephanus Schoeman, hierdie dorp na homself vernoem en dit het sedertdien Schoemansdal geheet. Hierdie gebied is egter as gevolg van aanvalle van Swartes in Junie 1867 ontruim, met die gevolg dat dit daarna heeltemal deur die Swartes verwoes is.

Ook die Vrystaat was nadat die Matebele-oorheersing beëindig is, vry en kon die ontwikkeling op dieselfde wyse as in die Oorvaalse gebied geskied. In 1854 het Brittanje ook die onafhanklikheid van hierdie gebied erken en het die Republiek van die Oranje-Vrystaat, wat Potgieter se Geruilde Grond ('n groot gebied tussen die Vet- en Vaalrivier) ingesluit het, tot stand gekom, met eweneens dieselfde implikasie ten opsigte van eienaarskap. Ook op hierdie gebied kan dus vandag met reg deur die Afrikanervolk aanspraak gemaak word. Ook hier is niks gesteel nie.

In Natal het sake op bykans dieselfde wyse verloop. Omdat die Voortrekkers op beskaafde wyse wou optree en grond op 'n wettige wyse wou bekom, het Pieter Retief, nadat hy verneem het dat die grond aan die Zoeloe-koning Dingaan behoort, Dingaan in November 1837 in sy hoofkraal besoek en met hom onderhandel om grond aan die Voortrekkers af te staan. Na aanvanklike onwilligheid en ongegronde beskuldigings het hy ingewillig om die gebied tussen die Umzimvubu- en Tugelariviere, die Drakenberge en die Indiese Oseaan, 'n gebied wat bykans nooit deur enige Zoeloes bewoon is nie, aan Retief af te staan mits die Voortrekkers sy gesteelde vee by Sekonyela van die Thlokoa-stammetjie sou gaan afneem en aan hom terugbesorg. 'n Traktaat met dié inhoud is tussen Retief en Dingaan gesluit. Retief het sy deel van die ooreenkoms nagekom, maar toe hy Dingaan drie maande later met die gesteelde vee besoek om die Traktaat te bekragtig, is hy en sy hele geselskap van sowat 100 man (71 Voortrekkers en 30 gekleurde agterryeres) op wreedaardige wyse vermoor. Tien dae later (nag van 16 tot 17 Februarie 1838) het 10 000 Zoeloes die niksvermoedende Trekkers by die Bloukransrivier, Moordspruit en die Boesmansrivier oorval en 'n slagting aangerig. Ongeveer 300 van hulle asook ongeveer 250 bediendes is op uiters wreedaardige wyse vermoor.

Hierdie verraderlike optrede kon nie ongestraf bly nie, maar die eerste poging om die Zoeloes in April 1838 tot orde te roep het klaaglik misluk en nege man, onder wie ook die Trekleier Piet Uys en sy vyftienjarige seun Dirkie, het gesneuwel. Intussen het die ellende in die laers, vanweë velerlei faktore, daagliks toegeneem en in Augustus 1838 is Veglaer weer vir drie dae lank deur 'n groot Zoeloemag aangeval. Die aanval is uiteindelik afgeslaan met honderde Zoeloes wat in die stof gebyt het en een Voortrekker wat gesneuwel het.

Intussen het Andries Pretorius die belaerde Voortrekkers te hulp gekom en is die tweede strafekspedisie teen die Zoeloes onderneem. Die saak is op 16 Desember 1838 tydens die slag van Bloedrivier besleg. In die besef van hulle diepe afhanklikheid van God Drie-enige het hulle op 9 Desember 'n Geloofte afgelê dat as God aan hulle die oorwinning skenk hulle die eer daarvoor aan Hom sou gee. Die 470 man het dan ook die Zoeloe-impie van minstens 15 000 verslaan. Geen Voortrekker het tydens die geveg gesneuwel nie, terwyl sowat 3 000 Zoeloes gedood is tydens en na die geveg, toe hulle op die vlug geslaan het. Hierdie neerlaag het ook die begin van die einde van Dingaan ingelui. Hy is in 1840 as vlugteling in Swaziland op 'n wrede wyse vermoor. Op grond van die oorwinnig by Bloedrivier (na onuitgelokte aanvalle) en die traktaat van grondafstand kon die Voortrekkers hierna aanspraak maak op die hele gebied waarvoor Dingaan gesag gevoer het. In 1838 het die Voortrekkers die Republiek van Natalia op hierdie grondgebied gestig. Ook Natal is dus op 'n wettige wyse bekom. Ongelukkig het die Engelse vyf jaar later hierdie gebied geannekseer en het

die grootste gros vryheidsliewende Voortrekkers, wat aanstons as Boere bekend geraak het, die gebied verlaat en hulle in die latere Transvaal en die Oranje-Vrystaat gaan vestig.

Ruiltransaksies met Swart Stammetjies

Afgesien van voorgaande het die Voortrekkers ook van tyd tot tyd grond van Swart Stammetjies geruil. Dit het gewoonlik gebeur wanneer die opperhoofde van sulke stammetjie om een of ander rede in moeilikheid verkeer het en hulp by die Voortrekkers gesoek het. Dié moeilikheid het gewoonlik verband gehou met onderlinge rusies en oorloë tussen die verskillende opperhoofde. So byvoorbeeld het Potgieter nog voor hy die Matebele-gevaar uitgeskakel het, die gebied tussen die Vet- en Vaalrivier vir 29 beeste van die Batuangkaptein, Makwana, geruil met die versekering dat hy Makwana teen die Matebeles sou beskerm. Dié gebied het hy die Geruilde Grond genoem.

Met velloop van tyd het ook verskeie klein Boererepubliekies op grond van voorgaande ontstaan. In die geval van die sogenaamde Kliprivier-republiek was daar egter nie Swartes wat hulp gesoek het nie, maar 'n dubbelhartige Mpande (Panda), wat na die verbreking van die mag van Dingaan in 1840 deur die Voortrekkers as Zoeloe-koning gekroon is. Toe is die bestaande grense van hierdie Republiek, naamlik die grondgebied tussen die Umzimvubu- en Tugelarivier, die Drakensberge en die Indiese Oseaan, uitgebrei om Zoeloeland tussen die Swart Umfolozi- en Tugelarivier en die Drakensberg in te sluit. Zoeloeland het as vasaalstaat onder toesig van die Voortrekkers gekom en die verhouding met Panda was aanvanklik goed. Sake het egter na die anneksasie van Natal deur die Engelse ingrypend verander; soos ook die verhouding tussen die Voortrekkers en Panda wat toe 'n dubbelhartige rol begin speel het.

Nog voor die anneksasie het 'n sestigtal Voortrekkers in die Klipriviergebied geboer. Dit was nie deel van die grond wat kragtens die Traktaat deur Dingaan aan Retief afgestaan is nie. Hierdie Voortrekkers, soos die meeste ander wat nie direk na die anneksasie weggetrek het nie, was gegrief oor die feit dat die Engelse owerheid na die anneksasie van Natal versuim het om die eiendomsreg op hulle plase te erken en oor 'n toestand wat ontstaan het soortgelyk aan dié aan die Kaapse Oosgrens wat hulle onder meer die Groot Trek laat onderneem het. Om sake vir huleself te beredder het die leier van die Kliprivierboere, AT Spies, Panda 1 000 riksdalders betaal om die hele gebied tussen die Buffels- en Kliprivier en die Drakensberg te beset en as ewige eiendom te bewoon. Hierop het dan die Kliprivier-republiek tot stand gekom. Later het Panda aan die Engelse ontken dat hy die gebied aan Spies-hulle afgestaan het. Op die lange duur het niks van hierdie Republiek gekom nie en het die Slag van Boomplaats, 1848 (waarby aanstons stilgestaan word), uiteindelik 'n einde aan hierdie sogenaamde Republiek gemaak.

'n Jaar na die totstandkoming van die Ohrigstadse Republiek (1846) het Potgieter en Omzwas van die Swazi's 'n traktaat gesluit, ingevolge waarvan 'n gebied waarvan die grense bepaal is vir 100 aanteelbeeste aan Potgieter afgestaan is. Die grense sou strek vanaf die Olifantsrivier tot aan die Portugese grens en daarvandaan suidwaarts tot aan die Krokodilrivier, vandaar weswaarts tot aan die Elandspruit en tot aan "*de 26ste Graadlyn, oostwaarts tot alwaar Krokodilrivier in Komati loop*" en tot aan die grens van Delagoabaai. Ook hierdie gebied is dus op 'n wettige wyse deur Potgieter bekom en nie gesteel of onwettig bekom nie.

In 1856 is die Utrechse Republiek gestig nadat dit sedert 1854 as die Ou Republiek bekend gestaan het. Ook hier het AT Spies 'n prominente rol gespeel. Hy het die gebied tussen die Tugela- en Buffelsriviere vir 100 beeste van Panda gekoop, wat natuurlik onnodig was, aangesien dit deel van die grondgebied was wat die Voortrekkers met die Slag van Bloedrivier verower het. Ook hier was onmin aan die orde van die dag, aangesien daar twee groeperinge was wat verskil het of by die ZAR aangesluit moes word of nie. Twee jaar later het die Utrechse Republiek deel van die Lydenburgse Republiek geword en as onderdeel daarvan in April 1860 met die ZAR verenig.

Sedert die Engelse anneksasie van Natal in 1843 het sake op alle fronte agteruit gegaan. Selfs die Zoeloes was op die lange duur nie gelukkig nie en na die oorlog tussen die Engelse en die Zoeloes in 1879 het sake net deur die onbeholpe reëlins van die Engelse verder agteruit gegaan. In die proses is selfs die gesag van die Zoeloekoning Cetswayo, seun van Mpande, grootliks afgetakel en sy grootste vyand, Sibepu, ten koste van hom bevoordeel. Wanorde was ten gevolge hiervan aan die orde van die dag en dit het meegebring dat inbreuk op die vaag omlynde Transvaalse oosgrens, wat nie voorheen behoorlik omskryf is nie, gemaak is en dat talle vreesbevange Zoeloes selfs by die Transvaalse Boere kom skuiling soek het. Gevolglik het die Boere die inisiatief geneem en probeer om 'n permanente oplossing vir 'n vreedsame Zoeloeland te soek. Die plan het behels om Dinizulu, seun van Cetswayo, op die Zoeloetroon te plaas en hom te help om Sibepu tot orde te roep. Alle Zoeloekapteins is oor die plan ingelig en op 22 Mei 1884 is Dinizulu as die nuwe Zoeloekoning gekroon. As teenprestasie is skriftelik ooreengekom dat hy 'n strook grond wat aan die ZAR grens sou afstaan waarin 'n onafhanklike Boereregering tot stand kon kom. Ongelukkig is die juiste grootte van hierdie gebied nie omskryf nie en aan die Boere oorgelaat om daarvoor te besluit.

Intussen het Sibepu egter besluit om Dinizulu die stryd aan te sê. Gevolglik het Dinizulu hom tot die Boere gewend en is Sibepu deur 800 blanke vrywilligers onder bevel van Lucas Meyer in die slag van Tshanini verslaan. Daarna het hulle 350 000 morg van die Zoeloegrond ontvang waarop die Nieuwe Republiek gestig is. Ook hierdie grond is dus nie gesteel nie, maar wettig bekom. Aan die hoofdorp wat tot stand gekom het, is die naam Vryheid, in ooreenstemming met die Boere-ideaal, gegee. Hierdie verwickelinge het nie die ZAR-regering aangestaan nie, want dié regering was bevrees dat die ZAR ten gevolge van die swak Britse beleid by die Zoeloe-moeilikhede betrek mag word. Uiteindelik is die Nieuwe Republiek, soos ook van die ander republiekies, in Julie 1888 by die ZAR ingelyf.

Sedert die sluiting van die Sandrivier-Konvensie in 1852 het die Engelse hulle op onwettige wyse met die swartes onder die gesag van die ZAR bemoei en met die 1870 Keate-uitspraak in die diamantveldegeskil asook die Konvensie van Pretoria in 1881 is van kwaad na erger gegaan. Nie alleen was daar onduidelikheid oor die wesgrens van die ZAR nie, maar van die opperhoofde was ook ontevrede oor wie deur die Britse owerheid as opperhoofde erken is. Die Transvalers was reg om te voorspel dat hierdie dinge tot moeilikheid aanleiding sou gee. Dit het dan ook nie lank geneem nie voordat die Swart stamme aan die wesgrens aanmekaar gespring het. In dié proses het Moshette, 'n Barolongopperhoof, 'n bondgenoot in Massouw, 'n Koranna-opperhoof gehad en die Barolong, Montsioa weer 'n bondgenoot in die Batlapin-opperhoof Mankoroane. Mankoroane het Massouw aangeval. Albei partye het hulle op Blanke vrywilligers beroep. Massouw het die vrywilligers beloof dat hy aan elkeen 'n plaas van 3 000 morg sou gee en dat hulle sou deel in die gebuie vee. Die gevolg was dat al meer Blanke vrywilligers by Massouw aangesluit het, al het die ZAR-regering hom teen hulle betrokkenheid uitgespreek omdat hy nie by die moeilikheid tussen Swart stamme betrokke wou raak nie. Die uiteinde van die saak was dat Mankoroane beslissend verslaan is, gedwing is om vrede te sluit en 'n deel van sy grond moes afstaan wat as plase gegee is aan die vrywilligers wat Massouw gehelp het. Op die plase wat die vrywilligers van Massouw ontvang het, het GJ van Niekerk in Augustus 1883 die Republiek Stellaland gestig met Vryburg as die hoofsetel. Daar was twee groeperinge Blankes in Stellaland met uiteenlopende sienings. Die een groep het aansluiting met die ZAR nagestreef en die ander groep het in ooreenstemming met die ideale van die aartsimperialis CJ Rhodes, inlywing by die Kaapkolonie voorgestaan. Die uiteinde van die saak was dat hierdie Republiek ook in 1884 ophou bestaan het, want met die Konvensie van Londen het die ZAR 'n stukkie grond langs sy wesgrens gekry, terwyl 'n gedeelte van Stellaland opgeneem is in die Britse protektoraat van Betsjoeanaland en later jare by die Kaapkolonie ingelyf is. Ook hier was daar dus nie sprake van diefstal deur die Boere nie. Hierdie gebeure het ook die pogings van die ZAR om weswaarts uit te brei finaal die nek ingeslaan.

Die Republiek Goosen en die Republiek Stellaland was soos 'n identiese tweeling. Nie net het hulle aan mekaar gegrens nie, maar hulle totstandkoming en ondergang is deur dieselfde faktore beïnvloed, te wete Britse imperialisme en die feit dat hulle grondgebiede in die weg van die beoogde Britse uitbreiding na die noorde gelê het. Ook in die geval van die Republiek Goosen was daar 'n verskil van mening tussen die belanghebbende partye oor wie die wettige Swart opperhoofde in dié gebied was; Moshette of Montsioa. Moshette was soos Massouw pro-Boergesind en Montsioa soos Mankoroane pro-Engelsgesind. Uiteraard sou die Boere dus eerder vir Moshette ondersteun en die Engelse vir Montsioa. Albei opperhoofde het in hulle stryd Blanke vrywilligers gebruik en uiteindelik moes Montsioa om vrede vra. Soos in die geval van Massouw is met Moshette ooreengekom dat in geval van 'n oorwinning elke Blanke vrywilliger 'n plaas van 3 000 morg sou kry; in hierdie geval in die gebied noordoos van die Maloporivier. In 1882 is dan ook op hierdie grond die Republiek Goosen onder leiding van NC Gey von Pittius gestig, waarvan Rooigrond aanstons die hoofsetel geword het. Reeds in dieselfde jaar was daar pogings om die Republieke van Stellaland en Goosen te verenig, maar dit het nooit 'n werklikheid geword nie. Ten einde laaste het die Republiek van Goosen ook in 1884 om dieselfde rede as die Republiek Stellaland tot niet gegaan, want dit sou die Britse imperialistiese ideale na die noorde in die wiele ry.

Na die dood van 'n Swazi prins het die ZAR in 1874 'n kommando na die Swazihoofsetel Ludidi gestuur ter ondersteuning van Umbandine as nuwe koning. Dit het tot gevolg gehad dat twee ZAR-burgers Frans Maritz en Joáchim Ferreira in 1876 'n stuk grond aan die suidoosgrens van die ZAR vir krale, komberse, pikke en 14 ryperde ten bedrae van 180 pond van Umbandine gekoop het. Daarop is in 1886 die staatjie Klein Vrystaat, ongeveer 15km vanaf Piet Retief, gestig. Tydens sy hele bestaan, was JJ Bezuidenhout die leidende figuur in hierdie staatjie. In 1891 het die ZAR die Klein Vrystaat tot genoegdoening van die Klein Vrystaters geannekseer en het die staatjie dus opgehou om as onafhanklike entiteit te bestaan. Ook wat hierdie grond betref, is niks gesteel nie.

Om dus saam te vat, kan by die Afrikanerkolos, pres. Paul Kruger, aangesluit word toe hy opgemerk het: *“Nimmer hebben wij een duim grond(s) onwettig in bezit gekregen.”* Soos hy was die Voortrekkers/Boere daarvan oortuig, en met reg ook, dat die nuwe land hulle besit geword het deur ooreenkomste én verowering na onuitgelokte aanvalle op hulle. Op dieselfde wyse het die Zoeloes en Matebeles voor hulle, hulle grondgebied deur verowering bekom. Dit word egter nooit beweer dat hulle grond gesteel het nie. Waarom dan nie?

GEREGVERDIGDE VERSET TEEN ONBILLIKE/VREEMDE OORHEERSING

Die Kompanjies tyd aan die Kaap

Die geskiedenis het bewys dat die Afrikanervolk nie onderdrukking onbepaald verdra het nie, maar in verzet gekom het as dit voortgeduur het. Die huidige regime kan gerus daarvan kennis neem.

Reeds tydens die aanvangsjare het die volk in wording aan die Kaap dit nie gelate aanvaar nie as sy regte aangetas of hy te na gekom is. Die eerste blyke daarvan word reeds so vroeg as 1658 aangetref toe die Vryburgers (amptenare wat die vorige jaar vrygestel is om voltyds te boer) in 'n klagskrif beswaar daarteen gemaak het dat die Kompanjie van hulle verwag om koring te produseer sonder om die prys vas te stel.

Ook die tweede klagskrif van 1706 is uit ekonomiese oorwegings opgestel. Daarin het die Vryburgers by die Here 17 gekla oor die grootskaalse private boerdery van die goewerneur WA van der Stel en sy vernaamste amptenare wat onder meer die koring- en die wynboerdery geheel en al gemonopoliseer het en oor die groot plase wat hulle besit het en met behulp van Kompanjies-arbeid bewerk het. Op die eltelange klagskrif het die goewerneur op intimiderende wyse reageer en sommige van die klaers vervolgd, in die tronk gestop en selfs verban. Op die ou end was dit egter die

klaers wat die lekkerste gelag het. Die Here 17 het ten gunste van die koloniste beslis en die skuldiges uit hulle ampte ontslaan en hulle knoeiwerk ongedaan gemaak.

Soos die stof gaan lê het, het die amptenare hulle mettertyd maar weer skuldig gemaak aan wanpraktyke soos grootskeepse korrupsie, afpersing, weergalose verspilling en allerlei onreëlmatighede. Dit het aanleiding gegee tot groot ontevredenheid en gevolglik die Burgerpetisie van 1779 wat beskou is as 'n stryd in belang van die Kaapse burgers se regte en vryhede en terselfdertyd as 'n poging om 'n beter bestaan aan die Kaap te probeer verseker. In 1782 het 'n aanvullende versoekskrif die lig gesien, maar van al hierdie pogings het daar nie veel gekom nie, met die gevolg dat die ontevredenheid toegeneem het.

'n Nuwe gees van verset het in 1795 tot uitbarsting gekom toe diegene wat hulle nie langer met die heersende toestande kon vereenselwig nie en na hulleself as Patriotte verwys het, in Graaff-Reinet en Swellendam teen die Kompanjiesgesag in opstand gekom het. In die proses is 'n volksverteenvoordigende liggaam vir elkeen van die twee distrikte in die lewe geroep om hulle belange te behartig. Die Kompanjiesgesag is afgesweer en die twee landdroste met geweld verwyder en met hulle eie vervang. Hierdie opstand wat ongelukkig misluk het vanweë die feit dat die Hollandse (Kompanjies-) gesag in dieselfde jaar deur Engelse gesag vervang is, het in teenstelling met die voriges dus 'n politieke kleur aangeneem en sommige historici beskou dit as die eerste openbaring van 'n republikeinse strewe in Suid-Afrika.

Die Britse bewind aan die Kaapkolonie

Soos reeds aangetoon was die Groot Trek onder meer 'n vreedsame protes teen die beleid wat die Britse owerhede aan die Kaap deur die jare teenoor die Oosgrensboere gevolg het. Terselfdertyd was dit 'n geloofsdaad wat die behoud van identiteit en verkryging van vryheid ten doel gehad het. Die gebeure tydens die Trek is reeds bespreek.

Britse inmenging in Natal

Alhoewel die dertigtal Engelse handelaars in Port Natal, wat hulle sedert 1824 aldaar bevind het, die Britse regering versoek het om hulle onder beskerming teen Tsjaka se Zoeloes te neem en dié gebied te annekseer, het die Britse regering nie gehoor gegee nie. Vier jaar na die Voortrekkers die Republiek Natalia gestig het, het die Kaapse goewerneur sir George Napier egter, soos die Engelse die gewoonte het om te doen, sy neus in Natalia se sake gesteek en dié Republiek in kennis gestel dat hy dit gaan beset. Vir dié doel het hy kaptein TC Smith in bevel van 250 soldate opdrag gegee om in 1842 langs die kus na Durban op te marsjeer.

Hierdie optrede van Napier het die Voortrekkers tot in hulle siele geskok en die Volksraad het dan ook besluit om hierdie planne met geweld teë te gaan. Die Kommandant-generaal, Andries Pretorius, het gevolglik opdrag gekry om die pasgewonne vryheid met 'n kommando te verdedig. Die kommando het hom by Congella ingegrawe en gedurende die nag van 23 Mei 1842 het die Engelse probeer om die Voortrekkers stil-stil te oorval, maar hulle rieme deeglik styfgeloop en onverrigter sake na hulle kamp teruggevlug. Sedertdien het die kommando hulle beleër en dag vir dag gebombardeer. Later het dit so sleg met Smith en sy troepe gegaan dat hulle perde moes slag om aan die lewe te bly. Dick King het egter ontsnap en hulp in Grahamstad ontbied. Uiteindelik het die skepe Conch en Southampton op 26 Junie opgedaag en die Voortrekkerkommando met hulle swaarkaliberkanonne, wat ook soveel verder kon skiet, bestook. Dit het Pretorius verplig om die beleg op te gee en op 15 Julie het die Volksraad hom teen wil en dank aan die Engelse gesag onderwerp. Hierdie verset was dus nie geslaag nie. Daarna het die Engelse Natal op 12 Mei 1843 annekseer, waarop die grootste gros vryheidsliewende Voortrekkers die gebied met wrewel en seer in die harte verlaat het en hulle in die Trans-Oranje en die Oorvaalse gebied gaan vestig het.

Die Oranje-Vrystaat

Weldra het dit geblyk dat die Engelse die Voortrekkers ook na die Trans-Oranje gevolg het. Op 3 Februarie 1848 het sir Harry Smith die gebied tussen die Oranje- en Vaalrivier vir Brittanje geannekseer en dit die Oranjerivier-Soewereiniteit genoem. Die verbitterde Voortrekkers het hulle teen hierdie ongeregverdigde optrede verset en Andries Pretorius versoek om hulle te hulp te kom. Hy het gehoor gegee en 'n kommando het om hom versamel. Smith was onversetlik en het Pretorius voëlvry verklaar en met 'n sterk mag teen hom opgetrek. Die twee magte het uiteindelik op 29 Augustus 1848 by Boomplaats, tussen Jagersfontein en Trompsburg, slaags geraak. Die Engelse het die oorhand gekry en die Boerekommando was verplig om die aftog te blaas. Ook hierdie poging van die Voortrekkers om hulle vryheid te behou, het dus misluk. Nogeens het die Engelse op onregverdigde wyse ingepalm wat nie aan hulle behoort het nie en wat hulle beslis nie toegekom het nie.

Die Zuid-Afrikaansche Republiek (Transvaal)

Op 12 April 1877 het T Shepstone namens Brittanje die ZAR op valse voorwendsel geannekseer. Nadat die Boere vir bykans vier jaar lank alle nie-gewelddadige pogings aangewend het om hulle vryheid te herstel, maar nie daarin geslaag het nie, was die enigste alternatief om tot geweld oor te gaan en het dit op die Eerste Vryheidsoorlog van die Transvalers uitgeloop wat op 16 Desember 1880 begin het. Dié keer het Brittanje, wat op hierdie tydstip die sterkste moondheid in die wêreld was en in die 19de eeu geen oorlog verloor het nie, haar rieme styfgeloopt. Die Transvalers se strategie was om die Engelse garnisoene wat hulle in die belangrikste dorpe van Transvaal bevind het, te beleër en tot oorgawe te dwing voordat die Engelse hoofmag onder bevel van generaal sir GP Colley, die luitenant-goewerneur van Natal, wat vanaf Durban op pad was, Transvaal bereik het. Reeds vier dae na die aanvang van die oorlog het generaal Frans Joubert 'n Engelse troepemag onder bevel van kolonel Anstruther wat op pad na Pretoria was by Bronkhorstspruit in 'n kort maar beslissende geveg vernietigend verslaan. Dié oorlog het egter hoofsaaklik in Natal plaasgevind.

Die Boeremag van sowat 6 000 was onder bevel van generaal Piet Joubert wat wou verhoed dat Colley Transvaal binneval. Gevolglik het die veldslae in Natal plaasgevind. Op 28 Januarie 1881 het Colley probeer om Joubert se kommando uit sy gunstige stellings by Laingsnek te verdryf, maar deeglik op sy baadjie gekry. Minder as twee weke later het generaal Nicolaas Smit die Colleymag op 8 Februarie by Skuinshoogte 'n neerlaag toegedien. Die uitslag van die Transvalers se Eerste Vryheidsoorlog is egter bepaal deur die gebeure wat hom op Sondag 27 Februarie 1881 op die berg Majuba afgespeel het. Gedurende die nagtelike ure van 26 Februarie het Colley hierdie strategiese berg met 'n mag van sowat 550 man in die grootste geheimhouding bestyg. Majuba was hoër as Laingsnek en Colley se plan was om die Boere vanaf Majuba te bestook en uiteen te jaag. Colley was houtgerus toe sy mag hom eers bo op die berg ingerig het en het selfs waarskuwings in die wind geslaan. Toe die Engelse op die berg gewaar is, het generaal Piet Joubert vrywilligers gevra om die Engelse te gaan afhaal en het 150 man hulle bereid verklaar. Hulle is in drie groepe verdeel wat die berg uit drie rigtings sou bestyg onder aanvoering van assistent-veldkornette Stephanus Roos, Danie Malan en Stephanus Trichardt en kommandant Joachim Ferreira. Hulle het in hulle doel geslaag en die Engelse mag verpletterend verslaan. 'n Negentigtal Engelse, onder wie Colley en sy tweede in bevel, het gesneuwel en aan Boerekant was die verliese twee, nadat een Boer later aan sy wonde beswyk het en vyf was gewond.

Na hierdie vernederende nederlaag was die Engelse bereid om te onderhandel en is agtereenvolgens die Konvensie van Pretoria (1881) en Londen (1884) gesluit. Alhoewel die Boere nou weer vry mense was, was hulle kragtens die bepalinge van dié twee Konvensies ongelukkig nie weer so vry soos voor die Britse anneksasie van Transvaal in 1877 nie. Dit sou egter ook net 'n tyd neem voordat die Britte die Majuba-vernedering sou probeer wreek. Minder as twee dekades later het

hulle kans dan ook gekom.

Sedert die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in 1886 het die Engelse kapitaliste aan die Rand, ondersteun deur die aartsimperialis Cecil John Rhodes, alles in hulle vermoë gedoen om die onafhanklikheid van die ZAR te beëindig. In dié proses het hulle nie geskroom nie om van die onderduimste en mees sluwe metodes gebruik te maak. Daaronder was die Jameson-inval van 1895 – 1896 en die valse propaganda, wanvoorstellings en onwaarhede wat met die aandrang op stemreg vir uitlanders gepaard gegaan het. Uiteindelik was die geweldige propaganda-aanslag geslaagd en het die Transvalers se Tweede Vryheidsoorlog op 11 Oktober 1899 uitgebreek; 'n oorlog wat die Boere uiteindelik verloor het nadat die Engelse die ZAR en die Republiek van die Oranje-Vrystaat met hulle onmenslike verskroeiende-aarde beleid verwoes het en 28 000 vroue en kinders in die konsentrasiekampe vermoor het. Daarmee was albei Republieke se vryheid weer iets van die verlede en het die Engelse Majuba weldeeglik gewreek. Die twee voormalige Republieke het toe Engelse kolonies geword en in 1910 het die vier kolonies die Unie van Suid-Afrika onder die Britse vlag geword.

Die Unie van Suid-Afrika

Vier jaar na Uniewording het die eerste Wêreldoorlog uitgebreek en het die twee verloopte generaals, Louis Botha en Jan Smuts, gehoor gegee aan 'n Britse versoek om Duits Suidwes-Afrika te gaan verower. Dit het baie Boere teen die bors gestuit om 12 jaar na die oorlog waarin die Engelse sulke gruweldade teen die Boerevolk gepleeg het in hulle diens die Duitsers, wat nog net altyd goed vir die Boere was, te gaan aanval. Generaals soos Koos de la Rey, Christiaan de Wet, Jan Kemp, Manie Maritz, Christiaan Beyers, Chris Muller en verskeie ander het geweier om gehoor te gee. Weer eens het die Boer hom verset teen onreg en dit het die Rebelle van 1914 tot gevolg gehad. Alhoewel die Rebelle uiteindelik misluk het, het dit onteenseglik aangetoon dat daar steeds Boere was wat hulle nie met onreg vereenselwig nie en hulle daarteen verset het. Sommige van hulle het terselfdertyd in die Rebelle die geleentheid gesien om die Britse juk af te werp en hulle vryheid te herstel. Hierdie verbittering het binne enkele jare 'n invloed op die politiek uitgeoefen en 'n dekade later daartoe aanleiding gegee dat Smuts uit die kussings gelig is en generaal JBM Hertzog eerste minister van Suid-Afrika geword het, weliswaar met behulp van die Arbeider Party van FHP Creswell. Met verloop van jare het Afrikanernasionalisme weer na die oppervlakte deurgebreek en in 1948 het dr DF Malan se Nasionale Party aan bewind gekom en is die voorbereidingswerk vir die totstandkoming van die Republiek van Suid-Afrika geleidelik gedoen. Dit het toe wel op 31 Mei 1961 'n werklikheid geword.

Die Republiek van Suid-Afrika

Gedurende dr HF Verwoerd se bewindstyd het die Republiek sy glorietydperk beleef en op alle terreine was daar groot vooruitgang; iets wat tot voordeel van sowel Blank as Nie-blank was, al word hierdie edelman vandag so verguis. Die lewenstandaard van die Blankes het met 3,9% per jaar gegroei en dié van Nie-blankes met 5,4%. Anders as in later jare was daar gevolglik ook nie werkloosheid nie. Teen Maart 1962 het Suid-Afrika se ekonomie vinniger gegroei as enige land in die wêreld s'n. In 1965 was die groeikoers van 7,9% die tweede hoogste in die wêreld, terwyl die inflasiekoers slegs 2% per jaar was en die rentekoers op slegs 3% per jaar vasgestel was. As gevolg van die voorspoed wat beleef is, was buitelandse lenings oorbodig, want die RSA kon met plaaslik-gegenereerde kapitaal sy eie ekonomie en die uitbreiding daarvan finansier. Met so 'n kerngesonde ekonomie kon ook 'n sterk militêre mag opgebou word wat enige bedreiging die hoof kon bied. Hierdie toedrag van sake het vanselfsprekend die vryheidsliewende Afrikaner bevredig. Meer nog: selfs nie-polities geïnspireerde Swart Suid-Afrikaners was tevrede met die vooruitgang wat ook hulle beleef het en vir die talle dienste wat vir hulle gelewer is, die honderde skole wat gebou is en

die vooruitsig vir elke Swart volk om binne die Suid-Afrikaanse opset volle onafhanklikheid te bereik, soos die Transkei (Xhosas), Bophutatswana (Tswanas), Venda (Vendas) en die Ciskei (Xhosas) dan ook bereik het. Indien lafhartigheid en verraad nie 'n einde aan hierdie beleid van afsonderlike ontwikkeling gemaak het nie, sou Suid-Afrika vandag die vreedsaamste land in die wêreld gewees het. Ongelukkig is dit nie die geval nie en onder die korrupte en onbevoegde ANC/SAKP-regime het die Republiek van Suid-Afrika die misdaad mekka van die wêreld geword, waar huisbrake, motorkapings, moorde en verkrachtings alledaagse gebeurtenisse is en nie eers meer altyd die nuus/koerante haal nie. Baie van die skuldiges kom nooit eers in die hof nie omdat korrupte polisielede omgekoop word om die lêers te laat verdwyn of te vernietig. Van diegene wat wel in die hof kom, word talle op tegniese punte vrygespreek omdat die polisie-dokumentasie onvolledig en ontoereikend is. Die gevolg is dat baie min geweldenaars ooit in die tronk beland waar hulle hoort en dat hulle maar net ongebreideld met hulle ou lewenswyse voortgaan. Hierdie dinge wek weersin by die vryheidsliewende Afrikaner/Boer. Die gevolg was dat diegene wie se oë mettertyd onder misrabele Nasionale Partyregerings oopgegaan het, hulle hierteen verset het. Afwykings in beleid wat al kort na dr Verwoerd se dood onder die eersteministerskap van John Vorster begin het, het onder meer tot gevolg gehad dat die Herstigte Nasionale Party in 1969 uit verset gestig is. In 1976 het Vorster met 'n sogenaamde nuwe stelsel van regering vorendag gekom waarin Kleurlinge en Indiërs betrek sou word. Dit is in 1977 deur die misleide en gebreinspoelde kieserskorps in 'n algemene verkiesing aanvaar en by wyse van die sogenaamde Driekamer Parlement geïmplementeer. Hiermee het Vorster 'n streep getrek deur die stryd van geslagte van Afrikanernasionaliste om politieke regte vir die Blanke te behou en te bewaar sodat sy toekoms verseker sou wees.

Die Nasionale Party het met sy misleiding voortgegaan en kiesers verwar met terme soos magsverdeling en magsdeling. 'n Minderheid kiesers het egter deur hierdie slinksheid gesien en die verset onder behoudende, vryheidsliewende Afrikaners het daagliks toegeneem. Dit het in 1982 op nog 'n skeuring van die Nasionale Party uitgeloop toe selfs twee ministers in die Botha-kabinet hulle teen magsdeling as PFP-beleid uitgespreek het. Die meerderheid van die NP-parlementêre koudkus het PW Botha egter ondersteun, met die gevolg dat die ontevredenes uit die NP gedwing is en die Konserwatiewe Party vroeg in 1982 tot stand gekom het. Daarna het Botha in versnelde tempo die tradisionele NP-beleid begin aftakel totdat daar later niks van oorgebly het nie en dit te begrype is waarom so baie oud-NP-ministers en parlementariërs hulle vandag so tuis voel binne die ANC.

Dit is onteenseglik so dat die proses van verraad teenoor die Blankes van Suid-Afrika wat deur John Vorster en PW Botha begin is, deur FW de Klerk afgerond is. Dit is dan ook in sy termyn dat hy die twyfelagtige voorreg gehad om die laaste Blanke verkiesing te hou met die ydele belofte van eie skole, eie woongebiede aan die kiesers. Nog eens het die meerderheid van die stemvee hom geglo en op 6 September 1989 'n mandaat aan die NP gegee om die land te regeer, min wetende dat De Klerk reeds so gekompromitteer was om die mag aan die ANC/SAKP oor te dra en besig was om die tradisionele PP/PFP/DP-beleid beter uit te voer as wat die DP dit self sou kon doen. Op 2 Februarie 1990 het hy tydens sy berugte "rooi" Vrydagtoespraak in die parlement dan ook onder meer bekend gemaak dat hy die ANC, PAC en SAKP ontban en dat Nelson Mandela vrygelaat gaan word. Hieroor het hy vyf maande tevore geen woord aan die kiesers gerep toe hy hulle met sy valse beloftes na die stembus gelok het nie.

Na sy vrylating is met Mandela, wat nooit geweld afgesweer het nie, en die ANC onderhandel en het die Grootte Schuur-minuut, die Pretoria-minuut en die DF Malan-akkoord agtereenvolgens tot stand gekom. Tydens en tussen hierdie byeenkomste het Mandela De Klerk enersydes telkens beledig en andersyds afgedreig en telkens het De Klerk maar op lafhartige wyse voor Mandela gebuig en aan sy eise toegegee. Sy en sy Party se lamsakkige lafhartigheid het dan ook uiteindelik uitgeloop op die finale prysgawe van Blanke vryheid by die drie KODESA-byeenkomste wat tussen

20 Desember 1991 en 18 November 1993 plaasgevind het. Behoudende, vryheidsliewende Afrikaners wat hulle in die Herstigte Nasionale Party, die Konserwatiewe Party en die Afrikaner Weerstandsbeweging bevind het, wou niks met hierdie uitverkopingsproses te doen hê nie en het dit gevolglik nie bygewoon nie. Afgesien van die feit dat drie van die vier Kodesa-werksgroepe kommunisties oorheers was, was die verteenwoordigers wat dit bygewoon het nie verkies nie en was die hele byeenkoms en sy uitkoms onwettig. Tydens die drie byeenkomste het De Klerk ook geskitter in sy afwesigheid, want hy het sy eie amorele plesier met die Griekse vrou belangriker geag as sy volk se toekoms. Die gevolg was dat die ANC/SAKP met die liggewig NP-verteenwoordigers die vloer gevryf het. Daar is selfs berig dat Leon Wessels en Joe Slovo en Roelf Meyer en Cyril Ramaphosa na die Kodesas as vriende uiteen is.

Na Kodesa 1 is die Blanke kiesers op misdadige wyse in 1992 by 'n referendum betrek waarin die Nasionale Party slegs goedkeuring van hulle gevra het om in onderhandelinge met die ANC te tree met die oog op die daarstelling van 'n nuwe grondwet. Daar was hoegenaamd geen aanduiding dat dit op magsoordrag op die ANC/SAKP sou uitloop nie. 85,1% van die Blanke kiesers het deelgeneem en 68,7% van hierdie misleide kiesers het ja gestem en daarmee eintlik hulle eie doodsvonnis onderteken. Slegs in Noord-Transvaal (Pietersburg) het die nee-stemme met die geringe meerderheid van 57% gewen. Die stembrief het die volgende bewoording bevat: "Is u ten gunste van die voortsetting van die Staatspresident se hervormingsproses wat op 2 Februarie 1990 begin is en gemik is op die daarstelling van 'n nuwe grondwet deur onderhandeling." ("Do you support continuation of the reform process which the State President began on February 2, 1990, and which is aimed at a new constitution through negotiation.")

FW de Klerk het die Blanke kiesers boonop belowe dat as daar radikale politieke afwykings sou plaasvind, hy eers weer na hulle sou teruggaan; iets wat hy toe nooit gedoen het nie toe die afwykings wel uiters radikaal was en op magsoordrag uitgeloop het. Daarmee is 'n pennestreek deur die hele vryheidsideaal van die Afrikaner getrek en dit nogal deur iemand uit hulle eie geledere wat hulle op sy woord geneem en vertrou het. Dit was dan ook die begin van die einde van die eens vertroude en magtige Nasionale Party.

Die NP-verraad van die Afrikanervolk is met die een-mens-een-stem verkiesing op 27 April 1994 finaal voltrek. Ten spyte van talle ongeruimdheids is die verkiesing as vry en regverdig verklaar. Volgens die uitslag het die ANC 62,5% van die stemme op hom verenig en die NP 20,4%, alhoewel daar ook sprake was dat dié twee partye vooraf oor die uitslag ooreengekom het. Vanselfsprekend het die vryheidsliewende Afrikaners/Boere nie aan hierdie verkiesing deelgeneem nie en ook aan geeneen sedertdien nie. Die rede daarvoor is daarin geleë dat ons nie die ANC/SAKP regime erken nie, aangesien dit op 'n onwettige wyse, met behulp van Afrikanerverraaiers, vir wie geld belangriker as hulle volk is, aan bewind gekom het. Op 10 Mei 1994 is Nelson Mandela tot president van die Nuwe Suid-Afrika ingehuldig. Daarmee is die lot van die Blanke in Suid-Afrika in die hande van volksvreemdes geplaas.

Ofskoon die Nasioanele Party die grootste deel van die Blankes in Suid-Afrika deur gruwelike misleiding op sy pad van verraad na die sogenaamde Nuwe Suid-Afrika saamgesleep het, het al meer mense se oë begin oopgaan en het hulle deur die bedrog begin sien. So byvoorbeeld het 'n aantal verteenwoordigers van Afrikaanse nasionalistiesgesinde groeperings op 26 Junie 1990 'n gesprek met FW de Klerk in die Uniegebou gevoer oor sy pad na "die Nuwe Suid-Afrika" en die gevare wat dit inhou. Vanselfsprekend het hy hom nie aan die waarskuwings gesteur nie en op sy weg volhard. Hy self het opgemerk dat hy al meer as 'n verraaier en kommunist uitgekryt word, maar het die beskuldigings ten ene male ontken. In dié tyd het hy ook talle striemende briewe ontvang waarin hy as 'n verraaier gebrandmerk is. Een so 'n brief, wat op 31 Julie 1990 geskryf was, was afkomstig van ene Lood Botha. In die jare wat intussen gevolg het, het al meer Blankes se oë oopgegaan en word De Klerk gereeld openlik van verraad beskuldig, wat hy egter steeds,

ondanks die feite tot die teendeel, ontken. Die geskiedenis sal hom egter oordeel as die verraaiër wat hy en sy geesgenote is.

Vanweë hulle misrabele lot in die Nuwe Suid-Afrika (wat intussen van 'n eerstewêreldland tot 'n derdewêreldland gedegradêr is) het talle ja-stemmers van 1992 se oë intussen wel oopgegaan en verklaar die meeste van hulle openlik dat dit wat hulle nou beleef nie dit is waarvoor hulle gestem het nie, maar dat hulle gruwelik deur De Klerk en sy ministers belieg is. Soos die bykans 900 000 vryheidsliewende Afrikaners wat destyds nee gestem het, smag hulle met hulle hele wese om weer vry mense in 'n eie, vrye grondgebied te wees. Optredes van mense soos Clive Derby-Lewis en Januz Walus en die sogenaamde Boeremag is ook onteenseglik 'n weerspieëling van hierdie gesindheid. Die ANC moet hiervan kennis neem.

Die geskiedenis toon, soos hierin aangedui is, ondubbelsinnig aan dat die Afrikaner nie onbepaald genoeg met onreg neem nie; iets waarvan die ANC/SAKP-regime gerus ook betyds kennis van kan neem. Die Voorsitter van die Afrikanervolkraad wat gedurende September 2011 verkies is, het die regime reeds in kennis van die verkiesing gestel en dat die vryheidsliewende Afrikaner/Boere in ooreenstemming met artikel 235 van die regime se eie grondwet op selfbeskikking aandrings. Daar moet ook weldeeglik daarvan kennis geneem word dat die aantal geregistreerde kiesers en stemmers nie 'n werklike aanduiding van die hoeveelheid vryheidsliewende Afrikaners is nie. Indien die regime die verkiesing om hierdie rede as niksseggend afmaak, sal hy 'n groot fout begaan wat hom uiteindelik duur te staan sal kom.

Bronne

- Becker, Peter: Path of Blood. The Rise and Conquests of Mzilikazi: Founder of the Matebele.
Breytenbach, JH: Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog 1899 – 1902.
Bruwer, JP: Die Bantoe van Suid-Afrika.
Coertze, PJ: Inleiding tot die Algemene Volkekunde.
d'Assonville, VE: Majuba.
De Kock, WJ: Portugese ontdekkers om die Kaap.
Gronum, MA: Die Engelse Oorlog, 1899 – 1902.
HNP: Afrikaners praat met De Klerk, Julie 1990.
Hofmeyr, N: De Afrikaner-Boer en de Jameson-inval.
Krüger, DW: Paul Kruger Deel 2.
Marais, JA: Die Era van Verwoerd.
Möller, PW: Vryheidstryd van die Afrikaner Vanaf Volksplanting tot Volksversaking.
Muller, CFJ (red.): 500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis.
Omer-Cooper, JD: The Zulu Aftermath: A Nineteenth Century Revolution in Bantu Africa.
Theal, GM: History of South Africa.
Van der Walt, Johannes: Ons Republikeinse Erfenis.
Van der Walt, AJH, Wiid, JA, Geyer, AL, Kruger, DW: Geskiedenis van Suid-Afrika.
Van Jaarsveld, FA: Van Van Riebeeck tot Verwoerd.
Van Zyl, MC: Majuba

Geskryf deur dr PW Möller op versoek van die Boere-Afrikaner Volksraad
Desember 2011